mosaïek

daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

**Reeks:** Want ‘n Kind is vir ons Gebore...
**Titel:** ... Wonderbaar
**Prediker:** Johan Geyser
**Datum:** 27 November 2011

---

“Want ‘n Kind is vir ons gebore, ‘n Seun is aan ons gegee, en die heerskappy is op Sy skouer, en Hy word genoem wonderbaar, Raadsman, sterke God, ewige Vader, Vredevors, tot vermeerdering van die heerskappy en tot vrede sonder einde, op die troon van Dawid en oor sy koninkryk, om dit te bevestig en dit te versterk deur reg en deur geregtigheid, van nou af tot in ewigheid. Die ywer van die Here van die leerskare sal dit doen.”
***Isa 9:5-6***

Dis die tyd van die jaar om weer te begin uitkyk vir geskenkies, want binnekort gee ons almal vir mekaar geskenke. Dis daardie een keer van die jaar, anders as al die ander kere, wanneer almal vir almal gee, en dis ‘n gebruik wat die Christene begin het wat vandag regoor die wêreld, selfs in ander godsdienste wat nie noodwendig Kersfees vier nie, neem deel aan hierdie gebruik om geskenke te gee, en dis ook reg so, want hierdie gebruik het ontstaan uit ‘n viering van die groot geskenk wat God vir ons gegee het, en die Christene het gevoel kom ons neem deel deur simbolies vir mekaar iets te gee, om iets te voel en iets te sien van die effek van geskenke gee.

Dit kan ‘n ritueel word vandag waarin jy met ‘n diep innerlike oortuiging aan ‘n handeling deelneem wat vir jou groot innerlike betekenis inhou, geskenke gee, want die groot geskenk van God is aan ons gegee: Jesus Christus. Jesus het nie net gekom nie. Hy is gegee, en toe Paulus dink oor hierdie geskenk van God, toe sê hy God Sy dank vir hierdie onuitspreelike gawe in Christus Jesus.

Ek kan dit nie in woorde uitdruk nie, sê Paulus. Dis te groot om te bevat. Dis iets wat jou stil maak, wat... dis iets wat jou asem wegvat, hierdie groot geskenk van God. Vanmôre miskien net ‘n refleksie van wat hierdie geskenk vir ons sê van God. Wat kan ons leer van die geskenk deur Jesus Christus, en wat sê hierdie geskenk van ons? Hierdie geskenk is deur die Vader aan ons gegee. Dis die grootste van Hy gehad het. Hy kon niks groter gee as wat wat Hy geskenk het nie.

Het jy al ooit ‘n geskenk ontvang wat jou asem weggeneem het, ‘n kosbare geskenk? En weet jy, ‘n paar keer in my lewe het mense al gekom en gesê het ons wil graag vir jou dit gee of dit doen, en dan sê ek, wow, ek het nie geweet... ek het nie geweet hulle kon nie. Ek het nie geweet hulle voel so oor my nie. Dit sê iets van daardie mense as hulle iets gee. Jy leer iets van iemand as jy kyk na die geskenk wat hy vir jou gee.

Ek meen, ek onthou, vroeër jare het ons as ‘n familie elke tweede jaar bymekaar gekom aan die ander kant van die familie, en dan het ons geskenke uitgedeel. Nou, daardie is ‘n magtige familie. Ek meen, hulle is ses kinders en dan het al daardie kinders nog kinders gekry, jy kon nie tred hou nie, en toe moes daar reëls ingestel word vir wie gee vir watter, jy weet, dis daardie storietjie, maar nou is daar hierdie een ou in die familie, wat nogal welaf was, wat elke jaar kouse of sakdoekies gee. Raai waar... wat het hy bekend gestaan as in die... jy is ‘n suinige... ek kan nie nou daardie woord nou hierso sê nie. Dis nie vloek nie, maar dis ‘n harde woord.

Nou, wat ons gedoen het was om... ‘n paar van ons, kan nie glo nie, jy weet, dan haal hy... hy koop dit op die Red Hanger sale. Jy sien nog ‘n stukkie van die rooi dingetjie, maar hy los die oorspronklike prys, so asof hy wou sê dis duur sakdoekies hierdie, hoor. Ons het daardie geskenkies net so gevat, dit nie oopgemaak nie, en dit gebêre tot volgende Kersfees. Raai wat het hy gekry. Kouse en sakdoekies van die Red Hanger Sale af.

Dit is net iets van daardie ou se attitude, nê. Dis nie hoe God is nie. Hy is nie suinig nie. Hy hou niks terug nie. Hy gee Jesus, sy kosbare, sy enige gebore Seun gee Hy vir ons. Dan sê Paulus in Romeine 8, hy sê as God nie eers sy seun teruggehou het vir ons en vir ons gegee het nie, kan julle dink dat daar enige iets anderster is wat Hy dan nie vir jou sal gee nie. Enige iets anderster waaraan jy kan... is so klein teenoor hierdie groot geskenk wat God vir jou gegee het. Dit sê vir ons hoe God voel oor ons. Hy het so lief dat Hy Sy Seun gee. Dit is ‘n groot liefde wat Hy vir ons het.

Jy kan nie dink... ek meen, kan jy dink dat iemand dit kan doen en kan gee? Jesus bid in Johannes 17:23 dat ons sal besef en dat ons sal weet dat die Vader ons net so liefhet as wat Hy Hom, Jesus, liefhet. Kan jy dink? Hy bid


**© 2011 Mosaïek**

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

dat Sy dissipels sal weet, dat hulle sal agterkom, dat hulle sal besef hoe God oor hulle voel, en as ons na hierdie geskenk kyk kry ons iets en besef ons iets van die diepe liefde wat die Vader vir ons het, en dis 'n geskenk, dis 'n genadegawe. Dit beteken dat dit nie verdien kan word nie.

Het jy al gevoel, of het iemand dit al met jou gedoen, dat as jy 'n geskenk gee dan sê hy wag, wag, ek kan nie dit vat nie. Kom ek gee vir jou iets daarvoor, dan is dit nie meer 'n geskenk nie. Hierdie is 'n geskenk wat vir ons gegee het. Ons verdien dit nie, en dit kan partykeer by ons gevoelens losmaak van, nou maar, wat moet ek doen. Jy kan niks doen nie. Jy kan dit net ontvang, want dis 'n genadegawe. Romeine 6:23 sê die loon van sonde is die dood, maar die genadegawe van God in Christus Jesus is die ewige lewe. Dis interessante woorde: die loon. Loon is 'n betaling vir wat jy kry vir wat jy gedoen het. Die loon van sonde, en jy het gesondig. Jy het goed gedoen wat nie regtig so goed is nie. Wat jy eintlik verdien is die dood, maar die genadegawe.

Nou, daardie is 'n interessante woordjie. Dit was 'n woord wat hulle gebruik het as Ceasar 'n bonus gee, jy weet, as hy 'n soldaat betaal dat gee hy hom sy loon, maar dan, op sy verjaarsdag miskien, en dit het dikwels gebeur, dan staan hy op, dan sê hy vir hulle, genadegawe vir julle vandag. Ek gee vir julle dubbel pay. Julle kan afvat. Julle kan maar huis toe gaan. Dit was 'n genadegawe genoem gewees. Jy het dit nie verdien nie. Jy het niks daarmee te doen gehad nie. Dit lê in die gewer self wat dit besluit het, is die ewige lewe. Dis wat God vir ons gee deur Jesus Christus, verniet. Dis joune.

Die geskenk sê ons ook iets van Jesus. Dis 'n groot verrassing. Dis iets wat jy nie verwag nie. 'n Kind. 'n Kind word gegee. Wat 'n geskenk om 'n kind te gee. Ek weet nie of vandag se Kersfees viering vir baie van ons nog groot verrassings inhou nie. Jy weet, ek onthou as 'n kind was dit nogal 'n groot verrassing, tot dit bietjie groter word. Toe my ouma... ek het grootgeword met my ma en met my ouma en my boetie in die huis.

Ons was vier in die gesin, maar my ouma het met haarself begin praat. So hier teen Oktober het jy al geweet wat gaan jy kry Desember, en ek het ook baie met haar gestry as sy met haarself praat. Nee, ek stem nie saam nie, of wat eerder van 'n broek, wat eerder van 'n fiets of 'n... jy weet, ek het voorstelle ook gemaak. Ek onthou my ouma het altyd dan net so omgedraai, so 'n verleë laggie gegee en gesê, ag, moenie stuitig wees nie, en dan gaan sy aan met haar werk en goed.

Maar... en baie van ons kan dit ook nie hou nie, nê. Daardie geskenke is lankal... weet jy of kry jy hom voor Kersfees, of wat, maar met God is dit anderster. Elke keer wat jy te doen kry met Sy werk dan is jy verras en verbaas. Dit is wat die woordjie wonderbaar beteken. Die woordjie wonderbaar in Hebreeus beteken dis nie wat jy verwag het nie, you will be awestruck, en as jy kyk na die lewe van Jesus kom jy agter dis nogal 'n patroon wat Jesus gevolg het orals waar Hy gegaan het of wat mense met hom te doen gekry het, het jy al gelees in die Evangelies, en hulle was verbaas gewees, jy weet.

Jy dink jy weet, nê. Dis asof hierdie geskenk na jou toe kom en jy weet. Paulus, ek weet, ek ken die historiese Christus, ek weet wie Jesus is, maar dan ontmoet hy Hom op die pad na... pad... Saulus, op die pad, nê, na Damaskus toe, en wat gebeur, Handelinge 9, toe sien hy wie Jesus eintlik is, en dis nie waar dit opgehou het nie. Net 'n bietjie later skryf hy weer, ek... en nou wil ek Jesus ken. Dis asof jy as jy hierdie geskenk begin oopmaak, jy net elke keer met verbasing vervul word, dat jy met awe begin te leef. Hy sê, wow, ek kan dit nie glo nie. Is dit hoe dit is? Is dit wie Hy is? Is dit wat hierdie geskenk is?

As jy nog nie hierdie belewenis gehad het van, wow, dan het jy nog nie heeltemal... dan het jy nog nie hierdie geskenk oopgemaak nie. Jy leef miskien dan met 'n kop kennis, met goed wat jy gehoor het en gesien het, ja, ja, ja, ja, ek weet, maar as jy insien, as jy aan dit vat, as jy dit toeëien, dan is dit awe waarmee jy vervul word, want dis hoe hierdie geskenk is, en dis 'n geskenk wat jy nie verwag nie, maar dis iets wat jy baie nodig het, jy weet, en is dit nie die... is dit nie die wonderlikste geskenke wat ons kan kry nie, iets wat jy nie self kon koop of wou koop nie, of voor kans gesien het nie, wat jy kry en wat jy dan uitvind dit is presies wat ek nodig gehad het? En dit is hoe Jesus is.

In die begin, ek kan nie verstaan nie, dis 'n kind, dis weerloos, dis dalk die mees kwesbare wese op aarde by geboorte. Dis die een wat niks vir homself kan doen as iemand hom nie help of iemand... nou kom Hy. Wat kan Hy vir my doen? Wat kan Hy vir my gee? Deur hierdie Kind gaan die koninkryke val. Deur hierdie Kind gaan alles verander in hierdie wêreld. Deur hierdie Kind gaan vrede kom in die wêreld. Deur hierdie Kind gaan verlossing kom in die wêreld. Jy kan dit nie altyd sien nie. Jy dink nie jy het dit nodig nie.


**© 2011 Mosaïek**

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

As ons na ons omstandighede kyk sê ons altyd my omstandighede moet verander, en mense. Dis my twee groot probleme. Dis my twee groot probleme. Mense en omstandighede, so my gebeure word dikwels oorheers deur, Here, verwyder daardie mense of help daardie mense of bekeer daardie mense of skuif daardie mense of doen iets met daardie mense asseblief, dat my lewe kan...

My omstandighede, dis die probleem. As die omstandighede kan verander, en dit was nie anders met die mense in die tyd van Jesus se geboorte nie. As ons van hulle verwagting lees dan sien ons dat hulle soek kos, hulle soek genesing, hulle soek 'n nuwe regering. Die lewe moet beter raak vir my, en solank as wat hulle hoop het vir hierdie goed en so lank as van hierdie goed gebeur dan is in verwondering oor Jesus, en wil hulle Hom dien.

Ek meen, toe Hy vir hulle kos gee toe wil hulle Hom koning maak., maar toe hulle luister na Sy leringe, dis 'n patroon wat jy optel, dan sê hulle, nee, maar wag 'n bietjie. Nee, nee, dit werk nie so nie. As hulle kyk na die lewe wat Hy leef, Hy begin weerloos, Hy eindig weerloos in sy lewe. Net 120 dissipels bly oor wat Hom geglo het toe Hy gepreek het en gaan wag in die bovertrek vir die belofte wat Hy gesê het die Vader vir hulle sal gee as hulle dit doen. Dis iets anders, en ons dink baiekeer ons het iets anderster nodig, maar Hy kom om ons diepste behoefte wat niemand vir ons kan doen nie te vervul. Hy kom om ons te red van onsself. Hy kom om ons los te maak en vry te maak van sondes,wat niemand kan doen nie.

In hierdie week luister ek na 'n vurige prediker, 'n African American, soos hulle sê, wat sê we don't need a sugar daddy; we need a saviour, en baie van ons dink sugar daddy, net om my lewe bietjie beter, bietjie gemaliker... wat kan lekkerder wees as dit? Nee, Hy kom om ons 'n totaal nuwe lewe te gee, 'n nuwe mens te maak, vry te maak van onsself en ons selfgesentreerdheid, om vir ons die lewe te gee wat Hy leef. Dis waarvoor Hy gekom het.

Hierdie geskenk sê vir ons baie van onsself ook. Jy weet, jy leer iets ook van jouself as jy kyk na die geskenk wat vir jou gegee word. As iemand vir jou iets baie kosbaars gee dan besef jy ek moet kosbaar wees, jy weet, en jy ontdek 'n nuwe waarde. Jy ontdek 'n nuwe jy. Jy weet, ek kan nie help om te dink aan die prins van Engeland wat ons kom besoek het hier in Swaziland, en die fotograwe en almal is in rep en roer en almal rol matte uit, en ek dink, maar, jis, daardie ou... wat het daardie outjie? Daardie outjie het nog niks gedoen nie. Hy is net baie lucky. Hy het die regte bloed in hom. Hy het 'n lekker pa en 'n ma, en nou is hy great, nou werk dit uit vir hom, en dis hoe dit is met ons. Ons het 'n Vader, 'n Hemelse Vader wat ons gemaak het, gekoop het, geroep het. Ons is syne, en dit sê iets van ons. Ons het waarde. Ons het groot, groot waarde.

Ek wonder wat dit aan ons sal doen as die realiteit van hierdie groot geskenk van Kersfees nie net 'n intellektuele oortuiging is nie, nie net 'n dogma wat jy aanvaar en sê ja dit is so nie, maar 'n groot realiteit wat diep in jou binneste gesetel is, wat jou so laat dink, wat jou so laat voel, wat jou so laat kyk na alles wat met jou gebeur in die lewe. Ek wonder wat dit sal doen aan jou identiteit. As jou identiteit diep geweef is, miskien in dit wat jy bymekaarmaak, miskien in dit wat jy ken, miskien in dit wat jy bereik het, en jy sit dit langs hierdie groot geskenk, wat dit sal doen.

Ek wonder wat dit sal doen aan hoogmoed: kyk wat het ek bereik, kyk wat het ek gedoen, en jy kyk na hierdie groot geskenk wat vir Hy jou gegee het. Wat is dit in vergelyking met hierdie geskenk? Is dit nie soveel beter om eerder te kyk en te sê, maar dis waar ek my waarde kan kry, maar dit is wat my maak wie ek is, hierdie geskenk. Dis wie ek ten diepste is, en dis iets wat nie weggeneem kan word nie. Ek wonder wat dit sal doen aan jou vrees. Ek wonder wat dit sal doen aan jou minderwaardigheid as dit 'n groot, diep realiteit vir jou is en jy met hierdie bewussyn kan leef: ek het dit. Ek het die grootste geskenk ontvang wat daar is in die lewe.

Ek dink hierdie geskenk sê ook baie van jou, van jou inbors, van jou volwassenheid, van jou insig, van wie jy is. Ek sal nooit vergeet op Remon, my en Wilma se seun, se eerste verjaarsdag het ek vir hom 'n Scalextric gekoop. Omdat ek sekerlik nooit een kon hê nie het ek iets vir hom gegee wat ek weet hy baie nodig het. Hy het nie so gedink nie. Op sy eerste verjaarsdag het hy so 'n cheap plastiese motorfietsie present gekry by iemand in hierdie gemeente, wat hy gevat het, en al sy aandag en liefde is in daardie dingetjie ingestort.

Ek wys vir hom, kyk hierso, magic, die karretjies ry, ons gaan resies ry. Ons gaan 'n fantastiese tyd hê. Huh-uh, daardie ou cheap motorfietsie, hy is net met hom besig die heeltyd, omdat hy nog nie lekker... dis hoekom. Hy kan nog nie verstaan nie. Hy kan nie waarde bepaal nie. Hy het nog nie die insig nie. Hy weet nog nie. Wat sê dit van jou as jy na hierdie geskenk kyk en dink, ja, dis nice, maar wat ek eintlik wil hê, wat eintlik wonderlik is, of as God eerder vir my dit sou doen, huh, wat sê dit van jou?


**© 2011 Mosaïek**

Jesus vertel ‘n gelykenis van ‘n koopman, in Matteus 13, wat uitgaan en na pêrels gaan kyk, en dan vind hy hierdie pêrel van groot waarde, en dan sien hy dit. Hy het oë om dit te kan sien. Hy het al die volwassenheid. Hy het die insig. Dit sê iets van hierdie man. Ander loop verby daardie pêrel. Dit beteken vir hulle niks nie. Hy is bereid. Die persoon wat die pêrel besit weet wat hierdie pêrel werd is. Die koopman weet ook. Hy het oë. Hy besef hierdie pêrel gaan hom alles kos wat hy het, maar hy is so opgewonde. Hy is so bly, want hy kry hierdie pêrel van groot waarde, en hy is bereid om alles in die lewe te los sodat hy hierdie pêrel kan vat en hierdie pêrel kan kry. Dis ‘n metafoor, dis ‘n storie, maar wat van ‘n groot waarheid van hierdie lewe praat. Hoeveel kyk en kan nie sien nie? Hoeveel sit met die groot geskenk wat God gegee het maar hulle heg nie waarde daaraan nie?

daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

Dis soos hierdie antiques shows op televisie, ek weet nie of julle al van hulle gekry het nie, dan gaan mense, dan koop hulle... nee, ek het dit gekoop vir £10, dan sê die ou... dis die Engelse wat seker nie baie tyd het om te werk en goed ni, dan is hulle besig met hierdie goedjies, dan sê die ou, jis, dit is ‘n £1,000 werd, dan sê hy, ah, ek het net £10 betaal vir dit. Ek het gesien. Ek het gedink dis iets baie belangrik hierdie, maar hulle vat kanse, maar ons vat nie kanse nie. Dis God se Seun. Dis die groot waarde wat daar in Hom is. Kan jy gevul word met hierdie blydskap wat vir ander mense baie vreemd kan wees? Waaroor gaan hy so tekere? Wat is dit nou met hom? Ag, gmf, die ou pêreltjie, maar ek weet, ek sien. Dit sê iets van jou.

So die vraag is, die vraag is het jy oë om te kan sien. Is jy gevul met hierdie blydskap, nie om jou nou te laat skuldig voel nie, maar om te sê hey, kyk weer. Kyk weer. Kan jy met hierdie verwondering ingaan? Ek het dit gevind. Ek het die pêrel van groot waarde gevind, en ek is bereid, alles kan maar gevat word, maar hierdie pêrel het ek gekry. Hey, ek wil dit nie nie verloor nie, want dan verloor ek alles in hierdie lewe. Jesus. Het jy hierdie geskenk ontvang?

Kyk, dis een ding om dit te bewonder. Dis een ding om te kyk na hierdie geskenk en te sê... en te sing daaroor en te sê, wow, is dit nie great en wonderlik nie. Dis ‘n ander ding om hierdie geskenk te... aan almal wat hom aangeneem het, Johannes 1:12, aan hulle gee Hy die mag, wat Hom gevat het. Dis wat geloof is. Aan almal wat in Hom glo, aan almal wat Hom aanneem, jy vat dit. Dis myne. Dis my geskenk. Dis ‘n innerlike, rieële, maar geestelike ervaring van om Jesus aan te neem en hierdie geskenk te vat, dat dit vir my is.

En dan, ‘n baie groot ding, is nie dan om skielik dan te wil betaal vir hierdie geskenk nie, nê, en baie val in daardie patroon en in daardie plek in. Jy weet, Kolossense 2:6 sê soos wat julle Jesus aangeneem het, wandel so in Hom. Hoe het jy Hom aangegeem? Dis net ‘n geskenk. Dis genade. Ek hoef nie te... nou wandel so in Hom. Hou aan so op hierdie pad. Dis ‘n geskenk. Hou aan in genade leef. Moenie nou skielik oorgaan werke toe nie. Nou moet ek sekere goed doen want anderster verloor ek die geskenk, of anderster kan ek nie hierdie geskenk vat nie, anderster kan ek nie... nee. Dit bly genade.

Kom ek vertel net twee goed, twee algemene goed. Ek het al ‘n paar keer by mense gestaan op die einde van hulle lewe, en dis asof baiekeer daardie ervaring het dat daar skielik, nou word... die geskenk is nie meer ‘n gawe nie. Nou word daar skielik... ek het ‘n goeie lewe geleef. Ek het darem my beste gedoen. Maar as jy so is gaan jy baie... jy gaan baie senuweeagtig oorstap na die ander kant toe, want weet jy wat, ons het nie almal ons beste gedoen nie. Kon jy meer doen? Natuurlik kon jy meer doen.

Jy weet, in ‘n verhouding ook. Die mense sê jy moet net jou... jy moet net weet jy het alles gedoen wat jy kon doen. Niemand van ons kon alles doen wat ons kon doen nie. Jy kon meer liefgehad het. Jy kon meer vergewe het. Jy kon meer gedien het. Jy kan nie. Op daardie manier gaan jy bly lewe met ‘n besoedelde gewete, met diep skuld, en dan dikwels kom mense op die einde, ek het darem ‘n goeie lewe geleef. Ek het darem my tiende... ek het darem dit... ek het... dit help nie. Dis genade. Bly in genade. Bly met die geskenk sit, dankie vir die geskenk. Dis waarmee ek gaan en dis hoe ek oorstap na die ander kant toe. As goed begin skeefloop in die lewe skakel mense dikwels terug en... dis nie... dan is dit nie meer die geskenk nie. Dan is dit, wat het ek nou verkeerd gedoen. Hoekom straf die Here my nou? Dis genade. Bly in genade. Bly met die geskenk te lewe.

In die laaste plek, as jy vandag dalk sit op ‘n plek waar jy voel waar is God se liefde, ek voel so... en tien teen een sal jy so voel omdat jy jou oë op die verkeerde plek het. Jy kyk vandag miskien na omstandighede. Jy kyk na verhoudings wat skeefgeloop het, en jy kyk na ander mense, en jy wonder hoe... maar as jy na die geskenk kan kyk, as jy jou oë op Jesus kan sit, dan kan jy iets van God se liefde vir jou agterkom, en dis miskien die pad na ervaring toe, dat God jou liefhet, volgende week, dat God met jou is, en dit is die groot, diepe boodskap van Kersfees.


**© 2011 Mosaïek**

In hierdie tyd wat ons voorlê, kom ons neem deel aan die gebruik van geskenke, om iets te voel van wat dit is om te gee, daardie blydskap om ander te kan sien en ander... dis saliger as om te gee as om... maar ook om te kan ontvang en te kan sê, wow, dankie. Dis die Gees, maar laat dit ons vat en laat ons net iets daarvan kan beleef, van die groot geskenk wat vir ons gegee is.

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

Kom ons bid saam. Hemelse Vader, ons dank U dat ons vanmôre hier kan saam wees. Ons dank U vir die onuitspreeklike gawe. Ons poging om iets daarvan te beskryf skiet vêr tekort, so wil U asseblief deur die Heilige Gees dit in elke een van ons se harte lewendig maak, wil U ons oë oopmaak om te kan sien, die gordyn opsyskuif, sodat ons soos die koopman opgewonde diepe blydskap kan hê, opgeneem word met die groot gawe van die lewe wat aan ons geskenk is, en help ons dan om op hierdie pad voort te gaan, hierdie geskenk aan te hou oop te maak, te groei, om meer en meer verras te word deur wie U is, wat U vir ons doen, en wat hierdie geskenk vir ons beteken. Ek dank U daarvoor.

En ons wil bid vir die van ons wat vanmôre hier is, dalk op ‘n baie moeilike plek, dalk baie opsien na hierdie tyd wat voorlê, van Kersfees, dalk wonde wat weer oopgekrap gaan word, eensaamheid, gebrek wat na vore gaan kom. Ons wil U vra dat ons U sal help, ons oë sal oopmaak, ons sal help om te draai, te kyk, die geskenk te sien, en ons blydskap en ons vrede in dit te vind. Ek vra dit in die naam van Jesus, amen.

Mag jy in hierdie week wat voorlê iets van die groot blydskap van die Here Jesus in jou lewe ervaar, amen.

die kuns van lewe


**© 2011 Mosaïek**